


LEIERSKAP EN BESTUUR

1.



Inleiding

- In **besighede** neem bestuurders verskillende bestuur en leierskapstyle aan.
- 'n Persoon kan sowel 'n goeie leier as bestuurder wees
OF
slegs een van die twee
- Ahoewel leierskap en bestuur baie ooreenstem , is daar tog verskille m.b.t. vaardighede en bevoegdheid

Leiders moet die volgende kan doen:

- **Definieer/Brei** uit oor die betekenis van bestuur en leierskap
- **Onderskei** tussen bestuur en leierskap.
- **Verduidelik/Bespreek** die rol van persoonlike ingesteldheid/houding in suksesvolle leierskap.



Leiderskap

teenoor

Bestuur

- Kom ons doen dit



Gaan doen dit

1. LEIERSKAP

- Proses van sosiale interaksie
- Beïnvloed ander se gedrag om doelwitte te bereik in besigheid
- Gee leiding aan volgelinge om uit vrye wil saam te werk
- Komunikeer doeltreffend en motiveer, inspireer ander om doelwitte te bereik
- Stel voorbeeld en is betrokke by volgelinge/werkers
- Moedig spanwerk aan



SUE



LEIERSKAP



2.BESTUUR

- In beheer van 'n organisasie en rig gedrag .
- Fokus op elemente van bestuur om doelwitte te bereik nl
beplanning-(doelwitstelling en besluit hoe take uitgevoer word)
organisering-(voer plan uit)
leiding-(beïnvloed gedrag) en
beheer -(kontroleer aksies om te verseker dat alles verloop goed en doelwitte bereik word)

JIM



3. VERSKILLE TUSSEN 'N LEIER EN 'N BESTUURDER



(SUE) LEIER

VS

(JIM) BESTUURDER



- 'n Leier skep visie vir verandering en vernuwing
- 'n Leier kommunikeer doelwitte en motiveer werkers
- 'n Leier is persoongeorieerd en skep geleentheid vir mense
- 'n leier verkry vaardighede deur kennis,ervaring en vaardighede

- 'n Bestuurder gee aan werkers bevele om take uit te voer
- 'n Bestuurder beheer werkers deur middel van reëls en regulasies om doelwitte te bereik
- 'n Bestuurder is taak-georieerd en bestuur hulpbronne en besigheidsfunksies
- 'n Bestuurder verkry mag as gevolg van sy posisie en werkers gehoorsaam sy opdragte

Rol van persoonlike houding in leierskap

- 'n Positiewe houding kweek leierskap potensiaal
- 'n Leier se goeie houding kan die sukses van die besigheid beïnvloed
- Leiers moet hul sterk en swakpunte ken om hul leierskap effektief aan wend.
- Goeie leiers verstaan dat die regte houding in leierskap kan werkers se houding beïnvloed,
- Leiers moet rolmodel houding het wat hul in hul werkers wil sien
- Suksesvolle leiers oorweeg vermoëns van hul spanlede om rolle toe te ken
- Entoesiasme kweek selfvertroue



Oefening: Rocky Rekenaars

Rocky Rekenaars spesialiseer in rekenaar sagte- en hardeware. Sarah Davids en Siphon Nvuma is albei in senior poste by Rocky Rekenaars, nou al vir jare.

Sarah Davids is die algemene bestuurder . Sy is 'n perfeksionis en stel te hoë verwagtinge van die personeel in haar afdeling, en handhaaf ook streng reëls en regulasies. Sy dring aan dat almal die reëls volg.

Siphon Nvuma is in beheer van Sagte ware. Dit is vir hom belangrik om goeie verhoudinge met sy personeel te handhaaf. Hy ontmoet gereeld met sy werkers sodat hulle mikpunte en uitdagings kan bespreek.

Beantwoord die volgende vrae:

- 1. Dink jy Sarah Davids is 'n goeie leier ? Gee 'n rede vir jou antwoord en staaf dit met 'n aanhaling uit die gevallestudie. (4)
- 2. Dink jy Siphon Nvuma is 'n goeie leier of bestuurder. Gee 'n rede vir jou antwoord en staaf dit met 'n aanhaling uit die gevalle studie. (4)
- 3 Onderskei tussen die begrippe leierskap en bestuur (8)
- 4. Lewer kommentaar op die die rol van persoonlike ingesteldheid/houding in suksesvolle leierskap. (8)

LEIERSKAPSTYLE:

Wat moet ons kan doen?

*Die verskille beskryf tussen die verskillende leierskapstyle

*Onderskei tussen verskillende leierskapstyle

- Identifiseer die leierskapstyle uit gegewe scenario's/gevallestudies en motiveer antwoorde.
- Bespreek/Evalueer/Analiseer die impak (positiewe/ voordele en/of negatiewe/nadele ingesluit) van elke leierskapstyl.
- Stel voor/Beveel situasies aan waarop elke leierskapstyl toegepas kan word in die werkplek.

- 1.Demokraties
- 2.Outokraties
- 3.Laissez-faire/Vrye-teuels
- 4.Die Burokratiese leierskapstyl
- 5.Transaksioneel

1. Die DEMOKRATIESE LEIERSKAPSTYL

* OORWEEG INSETTE VAN WERKERS/VOLGELINGE WANNNEER BSLUITE GENEEM WORD

* MOEDIG GROEPSBETROKKENHEID AAN BY WERKERS DEUR IDEES TE DEEL

* BETREK WERKERS BY BESLUITNEMING

BESTUURDER NEEM FINALE BESLUIT




WANNEER IS DIE STYL DOELTREFFEND (VOORDELE)



- Motiveer werkers, wat lei tot hoër produktiwiteit
- Moedig innovasie en kreatiwiteit aan (insette / idees van werkers)
- Aangesien hulle by besluitneming betrokke is, lei dit werkerstevredenheid
- Werkers kan waardevolle inligting en idees bydrae

Negatiewe impak van die Demokratiese leierskap styl

- Dit is tydrowend om almal se idees te bekom
- Die styl kan oneffektief wees wanneer dringende en vinnige besluite geneem moet word nie
- Werkers het nie altyd die kennis en vaardigehede om om by te ra tot besluitneming



DIE OUTOKRATIESE LEIER



- Sê VIR WERKERS WAT OM TE DOEN, SONDER OM NA HUL INSETTE TE LUISTER
- LEIER HET AL DIE GESAG EN NEEM BESLUIE
- Leier maak reëls en gee bevele
- Streng dissipline word word met behulpvan die styl gehndhaaf

Positiewe impak van Outokratiese leierskap

- Vinnige besluite kan gemaak word sonder insette van werkers
- Werk word betyds voltooi
- Kommunikasie is duidelik, volgelinge weet wat om te doen
- Streng kontrole verseker 'n goeie gehalte van produksie



Negatiewe impak /Nadele

- Werkers is gedemotiveerd omdat hul idees nie oorweeg word nie
- De-gemotiveerde werkers het 'n negatiewe impak op produktiwiteit
- Nie effektiewe kommunikasie
- Werkers is gefrustreerd, ongelukkig en dit lei tot afwesigheid



Oefening

HOE MTETO NYATI SE LEIERSKAP MICROSOFT SA IN 'N 'BESTE WERKGEWER' VERANDER HET

- Mteto Nyati lei nie net Microsoft SA om sy markaandeel in Afrika te vergroot nie, hy wen ook sake-toekennings.
- Nyati glo dat die enigste manier om hoë vlakke van uitnemendheid te bereik, is deur hoë leierskapstandaarde te hê. Hy glo ook dat leiers duidelike riglyne moet hê en nie vir kritiek bang moet wees nie. Leiers moet eerlik wees en presies weet wat hulle wil bereik.
- Nyati vergader elke maand met sy span met die doel om terugvoering en insette te kry oor waarheen die maatskappy op pad is. 'Ek vra twee dinge van elkeen: waarmee moet ons aanhou en wat moet ons verander om te verbeter.
- Almal moet idees bydra.' Lewensvatbare idees word dan geïmplementeer.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Identifiseer DRIE eienskappe van 'n suksesvolle leier uit die gevallestudie (3)
2. Mteto Nyati is 'n demokratiese leier. Ondersteun hierdie stelling deur DRIE karaktereienskappe uit die gevallestudie aan te haal. (3)
3. Evalueer die demokratiese leierskapstyl. (8)